# Deel 7 - 23 September 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Aanhalings uit Lukaas van Hout vir die Boerevolk

### 8 Droom, droom Boerevolk, ook van Pretoria

Skryf sagkens aan my volk Lukaas, vertel hulle van die belofte, **Die Boer Droom**, die land wat rus, wingerde wat geplant word, prag en vrede tydens die Sabbat van die aarde en van die 1000 jaar wat nog moet kom vir daardie volke aan wie die belofte en droom gegee is.

In eerbied en verwondering sal julle die **Vierkleur** aanstaar deur daardie vele jare, telkens wanneer julle Pretoria besoek gedurende die Sabbat van die aarde se rus. In eerbied en verwondering sal julle ook plant en oes van die aarde wanneer sy dit in daardie tye aan julle sal lewer, terwyl julle arbeid so lig sal wees. Soos wat 'n moeder haar pasgebore kind voed, so sal die aarde julle voed. Sê vir hulle Lukaas, EK IS wat EK IS soos wat dit voorspel is en bevestig weer en weer dat dit so sal wees!

**Pretoria, Filadelfia, sal die stad van broederlike liefde word, so vreedsaam sal dit wees.** Ek IS wat EK IS wil dit so hê. Daardie name wat julle gedink het verlore gegaan het in julle volke, sal weer herstel word en sal wees soos musiek in julle ore wanneer julle dit spreek.

**Droom die droom, Boerevolk**. En ook van Pretoria en wat dit sal wees in daardie tye; sê net dit vir hulle, **Jakaranda**, vir eers. Hulle wat waghou en hierdie dinge verstaan weet van die Jakaranda.

### 120 Die sprinkane van mense oor Suid-Afrika

***Gelei om te herplaas vanaf 28 April 2013:***

En jy **Suid-Afrika**, het voor My gekom, oor die land sal hulle neerdaal en alles in hulle weg verslind, kyk, die plaag kom soos sprinkane oor die land om alles in hul weg te verslind, **waansinnige wilde wesens** sonder denke, gedryf deur blinde waansin sal hulle op die land neerdaal; die tyd is naby, o Suid-Afrika, wanneer **sprinkane van mense losgelaat sal word** en dan sal hulle My en My leërskare van aangesig tot aangesig ontmoet, en dan sal hulle My leër van die hemel sien, vreesaanjaend en skrikwekkend is hierdie vernietigingsengele van My wat hulle van die land sal vee, in 'n reiniging soos wat die wêreld nog nooit gesien het nie. 'n Groot menigte sal kom van oor die see, 'n groot menigte wat liedere sing van vorige oorwinnings, liedere van geloof en feesvieringe soos wat Ek, die lewende Allerhoogste, hulle persoonlik herstel in die lande wat Ek aan hulle gegee het, voor die grondlegging van die wêreld, huilend en wenend sal hulle voor My kom in nederige dankbaarheid en Ek sal met hulle wees deur al hierdie dinge, en in daardie tye sal die inligting aan hulle getoon word dat ek altyd met hulle was, ALTYD, en dat daardie dinge **wat hulle seergemaak het, so deur My toegelaat was,** sodat Ek die wêreld kon toon deur hierdie Boere van My, dat hulle altyd Myne was en spesiaal is voor My, die EK IS. **En dan sal die nasies bewe**, want Ek sal hul groot sondes aan hulle toon wat hulle in die begeerlikhede van hulle harte en in hulle groot boosheid teen My volk gepleeg het. Daar sal geen ontkoming wees nie. In **daardie tye wanneer My gees uit die mensdom geneem is en die deur van redding gesluit het**, sal hulle kerm en treur en kreun en baie ly in hul gees oor hierdie waarheid van hul ellendige weë. **En dan sal die Seun van die Mens kom om My volk te verlos**, regdeur die wêreld. EK IS wat EK IS het vandag deur hierdie dienaar gespreek en aan vele ander. Daar sal bevestigings wees, sodat My volk nie meer in My sal twyfel nie en dat hulle geloof so solied soos rots sal word. EK IS wat EK IS vir ewig.

### 128 Soek julle bevestiging van hierdie dienskneg van die Boerevolk deur die liefde

Dit is die antwoord op daardie vrae waarna julle soek."

"Ek, ja Ek, EK IS wat EK IS het hierdie dienskneg uit 'n ver land geroep vir hierdie tye, vir die tye wat moet kom en die tye daarna soos wat Ek gesê het Ek sou, vir My planne en vir My doelwitte **vir hierdie Huis van Israel en hierdie Dogter van Sion wat binne en buite die grense van My Suid-Afrika woon."**

"Hierdie dienskneg is geroep en gestuur aan My volk, **die Boere en aan die Boere alleen** is hierdie dienskneg gestuur om My wil te doen vir My volk. Dit is die een verklaring deur My, EK IS wat EK IS wat die sleutel is tot die verstaan van al die woorde wat Ek deur My Heilige Gees gespreek het tot en in die hart van hierdie dienskneg om My woorde aan julle te skryf!"

"Julle moet altyd onthou, julle moet altyd hierdie sleutel onthou om al die woorde te verstaan wat Ek deur My Heilige Gees gespreek het en sal spreek tot en in die hart van hierdie dienskneg om My woorde aan julle te skryf, My volk, **My geliefde volk, Myne, ja My BOEREVOLK!"**

### 150 Die gees en karakter van Boere-leiers weergegee

Het hierdie uit 'n antwoord op 'n plasing gekry, maar dit moet nou hier geplaas word;

Ek was nie toegelaat om iets te plaas wat 'n tyd gelede geopenbaar is nie, totdat Elohim se tyd sou aanbreek nie; die tyd het nou aangebreek om dit te openbaar:

"**Skryf aan My Huis van Israel binne en buite My Suid-Afrika,** Ek, EK IS wat EK IS, sal die gees en die karakter van die groot leiers en van die groot krygers van die Boerevolk van daardie tye af tot aan hierdie tye vermenigvuldig en Ek sal hierdie manne en hierdie vroue van die Boerevolk vorm om My wil te doen vir **My Huis van Israel en My Dogter van Sion**."

"Die mense binne en buite My Huis van Israel sal in ontsag en verbasing dans en sing en hierdie voormalige name uitskreeu wanneer Ek hulle onder julle roep en laat ontwaak om My wil te doen vir My Huis

van Israel en My Dogter van Sion!"
"In verwondering en verbasing sal hulle dans en sing en hierdie voormalige name uitskreeu!"
"**De La Rey** LEWE WEER!"
"**Paul Kruger** wandel onder ons!"
"Elohim het weer vir **Siener** opgewek, ons sien hom in jou gesig en in jou oë!"
"Hierdie man spreek soos **Marthinus Steyn** met ons volk en tot die wêreld en selfs kragtiger as voorheen!"
"Dan sal My Huis van Israel en My Dogter van Sion My krag begin verstaan en selfs nog meer en met een magtige stem hulle sal aan die wêreld skreeu; daar is niemand groter as ons Elohim in die hele wêreld en in die ganse heelal nie, daar is geen groter nie, lof en eer vir alles wat Hy vir ons gedoen het en nog doen!"
"Huis van Israel, glo, vertrou en weet, dit sal plaasvind en dit sal so wees, want dit is My wil en Ek het dit gespreek, EK IS wat EK IS, dit sal so wees!"